

Luk. 23:44-56

Christus se vernedering tot in die dood gee aan ons die verheerlikte lewe

Inleiding

- Selfs nadat ons die laaste weke in die prediking stilgestaan het by die kruis en die Godverlatenheid wat Christus deurgemaak het, is ons nogsteeds nie by die einde van Christus se vernedering nie.
 - Ons belydenis gaan verder om te sê – Hy het gesterf, is begrawe en het al die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan.
- So sien ons dat die kruis nie die einde van Christus se lyding en vernedering op aarde was nie.
 - Die lyding gaan verder wanneer Christus begrawe word en al die angste van die hel op homself neem.
- In die gedeelte wat ons saam gelees het in Luk. 23 word daar vir ons vertel hoe Jesus die duisternis aan die kruis beleef het, hoe Hy uiteindelik sterf en ook begrawe word.
 - Dit beteken nie dat alles na die kruis opgehou het nie.
 - Dit is nie die einde van die verhaal nie.
- Christus is nogsteeds volkome mens en daarom word die liggaam van hierdie mens hanteer soos wat ander liggame ook hanteer word.
 - Daarom gaan ons vanoggend voort om vir mekaar die vrae te vra:
 - Waarom die dood?
 - Waarom die hel?
 - Waarom die graf?
 - Sodat ons by die wonderlike troos mag kry – Christus se vernedering tot in die dood gee aan ons die verheerlikte lewe.

Waarom die dood?

- Ons het laasweek gehoor hoe verskriklik die lyding van Christus aan die kruis was.
 - Hy het God se volle wraak, toorn en straf self gedra in my en jou plek.
- Was dit dan nie genoeg nie?
 - Hoekom dan nog verder gaan dat Christus ook moet sterf?

- Voordat ons hierdie vrae vir onself kan afvra, moet ons eers stilstaan by wie God is.
 - God is regverdig.
 - Die implikasies hiervan is dat daar betaal moet word vir die sonde.
 - God los nie die sondes van die mens ongestraf nie.
 - Die sonde het altyd gevolge wat daarmee saamgaan.
 - As God die sondes ongestraf laat bly, dan is God nie meer regverdig nie.
 - Daar is gevolge vir alles wat verkeerd gedoen word.
- In die Ou Testamentiese offersisteam sien ons dat die bloed moes vloei sodat daar vergifnis kan wees.
 - In Hebr. 9 lees ons dat daar nie vergifnis kan wees sonder dat daar bloed gevloei het nie.
 - Die feit dat die bloed moes vloei, suggereer vir ons dat 'n lewe afgelê moes word.
- Christus moes daarom ook volkome sterf sodat Hy daarin ook kan vervul dat Hy die volmaakte offer is.
 - Dit kon nie anders nie.
 - Daar kon op geen ander manier betaal word vir ons sondes as deur die dood van Christus nie.
 - As Christus nie gesterf het nie, was daar geen betaling nie.
 - As Christus nie gesterf het nie, was daar vir my en jou geen verlossing nie.
 - En net die Seun van God kon sterf as betaling van ons sondes.
 - Net Christus en sy sterwe kon die eise van God se regverdigheid ten volle nakom.
- En ons sien ook dat hierdie eise nagekom is, wanneer die voorhangsel van die tempel middeldeur skeur.
 - Die voorhangsel was in die tempel juis om skeiding te handhaaf tussen God en die mense.
 - Die mense was nie rein nie, en daarom kon net die hoëpriester en net een maal per jaar en net nadat hy eers gereinig is, by die allerheiligste ingaan.
 - Ons is nie meer onrein nie.
 - Danksy Christus se werk is ons nou rein.
 - Ons sondes is betaal en daarom is daar nou vir ons vrye toegang tot God.
- Dit is wel van besondere waarde dat die voorhangsel middeldeur geskeur het.
 - Die voorhangsel het geskeur.

- Hy is nie weggevat of vernietig nie.
- Hy het geskeur sodat die voorhangsel nogsteeds in die tempel is, maar dat die gordyn wat skeiding gemaak het, juis nou die ingang geword het om ons na God toe te laat gaan.
 - En ook die feit dat hy middeldeer geskeur het, getuig vir ons dat dit nie toeval of deur die hand van die mens gedoen is nie, maar die Goddelike hand wat die skeur veroorsaak het.
 - Die voorhangsel skeur middeldeer sodat elkeen nou die allerheiligste kan ingaan, maar dui ook vir ons as beeld dat die skeiding tussen hemel en aarde ook oopgegaan het sodat ons nou ook in die lewe hierna na God toe kan gaan.
- Maar die gevolge is dat daar soveel sigbaar word deur die voorhangsel wat oopskeur.
 - Die priesters wat in die tempel besig om diens te doen is die toeskouers van die voorhangsel wat oopskeur.
 - Skielik word die allerheiligste sigbaar.
 - Die simbool van God se heilige teenwoordigheid word sigbaar.
 - Behalwe vir die een hoëpriester, sien al die ander priesters die allerheiligste vir die eerste keer.
 - Die versoeningsdeksel van die verbondsark word sigbaar.
 - Hierdie sien ons die kragtige beeld dat die versoeningswerk sigbaar word.
- Die gerubs op die verbondsark wys vir ons terug na Gen. 3 waar die gerubs die tuin se ingang bewaar het sodat ons nie toegang tot die boom van die lewe kan kry nie.
 - Deur die voorhangsel wat middeldeer skeur en die versoeningsdeksel wat sigbaar word, ontvang ons ook toegang tot die boom van die lewe sodat ons daarin ook die ewige lewe kan kry.
 - Dit alles gebeur terwyl Christus nog aan die kruis hang en al die angste van die hel tot in die dood toe ondergang.
 - En daarom ons vraag:
 - Waarom die hel?

Waarom die hel?

- Die helse lyding wat Christus verduur het, het Hy nie beleef na sy kruisdood nie.
 - Nee aan die kruis self het Hy die lyding beleef wat daar slegs in die hel is.
 - Daar waar die genade en troos van God heeltemal afwesig is.

- Christus moes hierdie helse lyding verduur juis sodat Hy die tweede dood, die hel, kon oorwin.
- Aan die kruis is Christus nie vertroos deur die Gees nie.
 - Aan die kruis is Christus nie deur die engele versterk nie.
 - Nee, Christus moes juis hierdie Godverlatenheid aan die kruis alleen verduur.
- Daarom is dit ook so belangrik dat die voorhangsel juis om drie-uur geskeur het.
 - Dit was dieselfde tyd wanneer daar begin was met die aandoffer.
 - Die paaslam is om daardie tyd geslag en op die koperaltaar neergesit.
 - Op daardie tyd wanneer die bloed van die lam vloei, en die vuur van die altaar die lam verteer, is juis die tyd wanneer die voorhangsel skeur.
- Daar is 'n duidelike verband tussen die voorhangsel en die verbondsark, tussen die offer wat gebring word en die skeuring van die voorhangsel en God se verlatenheid en die skeiding wat weggeneem word.
 - Die voorhangsel van die tempel het geskeur deur die bloed van Christus.
- In Luk. 10:18 lees ons hoe die duiwel soos 'n bliksem uit die hemel gegooi word, en aan die kruis is dit amper asof die duiwel weer losgelaat word om Christus ook na liggaam en na siel aan te val.
 - Daarom word daar vir ons versoening gedoen deur die bloed van die lam.
- Wanneer die voorhangsel skeur is die werk van Christus voltooi.
 - Daarom roep Hy uit in Joh. 19:3 – Dit is volbring.
 - En weer eens word Christus se Godheid bevestig wanneer Hy sy gees oorgee in die hand van die Vader.
 - Christus word nie doodgemaak nie, Hy sterf.
 - Hy is die een wat die uitvoer, want Hy het die hel oorwin.
 - Hy is die oorwinnaar oor die dood.
 - Hy is die een wat die stryd met die tweede dood gevoer het en as die oorwinnaar daardeur gegaan het.
 - Christus het as't ware deur die dood gegaan.
- Nie eers die hel kon Jesus Christus gevange hou nie.
 - Nie eers die hel en Godverlatenheid kon Christus daarvan weerhou om as die oorwinnaar uit te tree nie.
 - Daarom blaas Hy in sy almag sy laaste asem uit.
 - Hy regeer selfs oor sy laaste asem.

Waarom die graf?

- Maar as Christus dit alles oorwin het, waarom moes Hy dan ook begrawe word?
 - Dit is om vir ons die sekerheid te gee dat Christus werklik sy lewe afgelê het.
 - Hy oorwin nie net die tweede dood nie, Hy word selfs in die graf gesit om op hierdie wyse ook die eerste dood, die fisiese dood te oorwin.
- Hy word in ons plek begrawe om aan ons die sekerheid te gee dat Christus werklik ons volkome en volmaakte offer en middelaar is.
- Sy oorwinning oor die fisiese dood verseker ons dat die dood nie meer die vyand is nie, maar die deurgang is tot die heiligste van die allerheiligste – deur die dood kom ons tuis by ons Vader.
 - Ons ontvang die prys wat Christus in sy oorwinning behaal het.
 - Ons ontvang die ewige lewe, want Christus het die ewige dood oorwin.

Slot:

- Geliefdes as hierdie werke van Christus nie vir jou 'n werklikheid is nie, laat die brood en die wyn by jou verbygaan.
 - Weerhou jouself van die nagmaal as jy nie werklik die implikasies besef wat Christus aan die kruis gedoen het nie.
 - Moenie die brood eet en die wyn drink bloot omdat dit maar jou gewoonte is nie.
- Maar as jy besef deur die krag van die Gees dat al hierdie werke van Christus ook vir jou waarde het, kom.
 - Eet en drink.
 - Eet die brood en drink die wyn en besef dat die man wat aan daardie kruis gehang het, dit vir jou gedoen het.
 - Sy liefde vir jou is so groot dat Hy al die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het sodat jy kan deelhê aan die oorwinningsmaal.
- Sy liggaam is werklik gebreek en sy bloed is werklik vergiet tot 'n volkome versoening van al jou sondes.
 - Jy kan nou die versoeningsdeksel raaksien.
 - Daar is niks meer wat jou kan skei van die liefde van God wat daar is in ons Here Jesus Christus nie.